



Uitvoermark wink met goeie rekordhouding

Deur Rachelle Cloete

Gesels gerus met die “ou hande” wanneer jy die uitvoermark wil betree. Die heel eerste kommentaar sal wees: “Dit is ’n mark vol geleenthede vir finansiële vooruitgang, maar die rompslomp bly maar ’n uitdaging.” Alles in ag geneem, is dit ’n lonende onderneming – kyk maar net na die volstruisbedryf en hulle bydrae tot die land se bruto binnelandse produk (BBP).

Dit maak dus sin om die vereistes van die owerhede en die invoerlande deel te maak van jou daaglikse bestuur. Al beplan ’n boer nie op die oomblik om uit te voer nie, weet ons nie watter geleenthede in die lewendehawebedryf in die toekoms op ons wag nie.

Magdom vereistes

Wanneer ’n mens amper oornag aan voorgeskrewe reëls moet voldoen, kan dit in ’n nagmerrie ontaard. Dit is so erg dat die kleiner produsent dan eerder wegstap weens die administrasie en magdom ander vereistes, soos onder andere unieke identifikasie van elke dier en die mediese geskiedenis van die dier.

Soms word ook vereis dat die pro-

ducent sy plaas in spesiale kampe moet verdeel, met ’n baie spesifieke beskrywing van hoe en waar die kampe geleë is, waar die kwarantynkampe is, die toegangspunte, kennisgewingborde, die beweging op die plaas (intern), asook beweging tussen die plaas en produsent en slagplase. ’n Mens kan dadelik die finansiële implikasies sien as dit “oornag” moet geskied. Dit is dus baie wys dat jy vooraf bepaal hoe dit gedoen gaan word nadat jy met kundiges in die bedryf gesels het, veral prominente produsente wat dit al oor baie jare doen.

Vereistes vir die volstruisbedryf

Ons kyk vlugtig na ’n lewendehawe uitvoerkommoditeit soos die volstruisbedryf en die vereistes soos dit in die VPN04 van Julie 2012 deur die nasionale direkteur van dieregesondheid omskryf word.

Daar word vereis dat:

- Die beheer en verspreiding van oorplaatjies slegs deur geakrediteerde instansies gedoen mag word.
- Inentings slegs deur geregistreerde beamptes gedoen mag word.
- Geen oorplaatjies direk aan die produsent verskaf mag word nie.
- Elke dier op vier maande deur ’n gemagtigde beampte met die amp telike voorgeskrewe oorplaatjie gemerk en ingeënt moet word.
- ’n Inentingsertifikaat moet uitgereik word, met inligting oor die individuele plaatjienommers, die entstof

se naam, vervaldatum en reeksnommers.

Daar bestaan ook verskeie biosekuriteitsvereistes. Die beweging van alle volstruise word beheer. Bloedtoetse moet gedoen word soos voorgeskryf en bewegingspermitte moet aangevra word met die nodige slag- en vervoerdatum, inentingsertifikaatnommers en bloedtoetsuitslae. Dit moet alles binne ’n voorgeskrewe tydperk plaasvind, anders moet dit herhaal word.

Buiten al hierdie vereistes is daar nog talle ander, soos onder andere die maandstaat-inventaris tesame met nadoodse verslae, openingsaldo, beweging na en van die plaas, sterftes, medisynerekords en behandelings waarvan rekord gehou moet word.

Baanbreker-sagteware

Baanbreker-sagteware soos GMPBasic®, ongeag of jy ’n uitvoerprodusent is of nie, bied talle finansiële en ander voordele om hierdie prosesse op ’n daaglikse basis te bestuur, verslae uit te druk en aansoeke vir bewegingspermitte met bloedsuitslae en inentingsertifikate op rekord te plaas.

Die program is so ontwikkel dat die voorgeskrewe uitvoerriglyne so ver as moontlik daarin vervat kan word sonder duplisering en omslagtige notaboek-aantekening. Die data word van die individuele sagtewareprogramme na die sentrale databasis gesinkroniseer vir besigtiging en audit-doeleindes deur gemagtigde persone.



Kontak ons vir inligting en implementering van die GMPBasic®-bestuurstelsel.
Kontak GMP Traceability by 083 263 3471 of 011 954 4971, epos.support@gmpbasic.co.za.

Besoek ook ons webwerf by www.gmptags.co.za.

GMP Traceability Management Software cc – CK1998/001282/23

www.gmptags.co.za